education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## RELIGIESTUDIES V1

## NOVEMBER 2007

## MEMORANDUM

**Hierdie memorandum bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 1**

1.1 1.1.1 Disapora is die tydperk van die verstrooiing van die Joodse volk na die val van die tweede tempel. (2)

1.1.2 'n Ontkenning van die bestaan van God. (2)

1.1.3 Iemand wat kundig is om die genesende kragte van die natuurgeeste op te roep in die jagtersversamelinggemeenskappe. (2)

1.1.4 Onbetrokke tot enige besondere godsdiens. (2)

1.1.5 'n Regeringstelsel wat aanvaar dat God 'n opperheerser is. (2)

1.2 Sion Christelike Kerk (2)

1.3
- Hindoeïsme
- Judaisme
- Afrika Tradisionele Godsdiens (enige twee) (6)

1.4 Dit is die proses om elemente van een godsdiens te integreer met 'n ander Godsdiens. (2)

1.5 Hulle verteenwoordig die sentrale waarheid van verskillende godsdienste. (4)

1.6 1.6.1 Kleipot
1.6.2 OM-teken
1.6.3 Kruis
1.6.4 Die Wiel van Dharma
1.6.5 Die Ster van Dawid (5 x 2) (10)

1.7 Interaksie of gesprekvoering wat tussen verskillende godsdienste plaasvind. (2)

1.8 Emil Durkheim
Hans Mol (2)

1.9 Sikhism (2)

1.10 1.10.1 Hindoeïsme (2)

1.10.2 Ba'hai (2)

1.11 (6)
- Dit bring mense met gemeenskaplike gelowe byeen
- Dit laat mense toe om hulle geskiedenis te vier
- Dit versterk groepsverhoudinge

**[50]**

**VRAAG 2**

2.1 2.1.1
- 200 kerke, moskees en kloosters en ander godsdienstige instellings was gesluit of vir ander doeleindes gebruik
- Godsdienstige leiers van alle gelowe was gevange geneem of geforseer om ander werk in die industrie of landbousektor te verrig (4)

2.1.2 Daar is steeds 'n baie beperkte godsdiensvryheid in Kuba (2)

2.1.3
- Godsdienstige leiers was gevange geneem
- Godsdienstige eiendomme was gekonfiskeer
- Godsdienstige opvoeding en literatuur was uit skole verban (6)

2.1.4 Kommunisme is ateïsties, dit ontken die bestaan van God en daarom word die geloofsgemeenskappe vervolg (4)

2.1.5
- 'n Sekulêre staat meng nie met godsdienstige sake in nie
- Daar is godsdiensvryheid in 'n sekulêre staat
- Daar is geen diskriminasie op grond van godsdiens in 'n sekulêre staat nie
- 'n Ateïstiese staat meng met godsdienstige sake in
- Geloofsgemeenskappe word vervolg
- Daar is geen of baie min godsdiensvryheid in 'n ateïstiese staat (10)

2.1.6 Gelowiges van alle gelowe was dikwels gedreig en het vir baie jare gevangenisstrawwe uitgedien (4)

2.2 2.2.1
- Sy moet kort vrae stel.
- Haar vrae moet duidelik wees
- Sy moet nie byvoeglike name gebruik nie, omdat dit op verskillende maniere geïntrepreteer kan word
- Sy moet 'n aanvaarbare en toepaslike vlak van taal gebruik
- Sy moet nie wenke gee oor wat sy verwag nie (6)

2.2.2 Die vrae moet toepaslik tot die onderwerp wees en die riglyne vir vraagstelling in 'n navorsing moet gevolg word
- Hoe sal jy die posisie van 'n Moslemvrou in jou gemeenskap beskryf?
- Indien jy die Moslemvrou met 'n vrou van 'n ander samelewing of geloof vergelyk, dink jy dat hulle posisie (as vrouens) dieselfde sal wees?
- Hoe beïnvloed die huwelik met 'n Moslemman wat tergelykertyd met 1 tot 4 vrouens getroud is, elke vrou in die huwelik? (10)

2.2.3 Skryf 'n kort paragraaf om wat jy onder 'n gestruktureerde onderhoud verstaan. (4)

**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 3.1.1 'n Mite.
*'n Mite kan as 'n storie oor bonatuurlike wesens van 'n vroeëre tydperk of geestelike wesens wat verhoudings met mense op die aarde gehad het gedefinieer word en dit word as waar beskou.* (6)

3.1.2 Om 'n weergawe van die skepping van die Ba-Tshwana mense te gee. (2)

3.1.3 Hulle kom vanuit die gat in die grond/aarde. (2)

3.1.4
- Monoteïsties
- Hulle glo in een god (Modimo) (4)

3.1.5 Die mensegrootte voetafdruk van Loowe is steeds waarneembaar (2)

3.1.6 Goddellikheid (Modimo) (2)

3.1.7 Mondelings oorgedra van een geslag tot 'n ander (2)

3.2 3.2.1 Groot Zimbabwe was die tuiste van 'n groot beskawing (2)

3.2.2 Diere het 'n belangrike rol in die godsdiens van die Shona-gemeenskap gespeel (2)

3.2.3 Die skepping van 'n Shona-staat wat deur 'n koning beheer word (2)

3.2.4 Die hele famiie neem deel in 'n ritueel om met die voorvaders te kommunikeer waardeur dié wat lewe, om vergifnis vra (2)

3.2.5 Indien getroud was en kinders het (2)

3.2.6 Daar is geglo dat die voorvaders magte het om die familie te beskerm van die bose en die rampe deurdat hulle aanbeweeg het na die geesteswêreld (4)

3.2.7 Die voorvaders is gestorwe familielede wa tin die geesteswêreld is (4)

3.2.8
- Ja
- Hulle glo in een God wat Mwari genoem word (4)

3.2.9
- Ja
- Groot Zimbabwe was 'n verenigde staat met een koning (4)

3.2.10

3.2.11 (4)

(4)
**[50]**

**VRAAG 4**

4.1
- Judaïsme
- Christendom
- Islam (6)

4.2 Beide Sjintoïsme en Boeddishme onderrig oor die aanpassing tot die natuurgeeste om harmonie te verseker (4)

4.3
- Godsdienste word beïnvloed deur die natuurlike omgewing van sy oor-sprong
- Die Christendom is 'n Midde-Oosterse godsdiens waarvan die grootste deel woestyn is
- Dit trek die meeste van sy beeldspraak van sy omgewing as van die omgewing waartoe dit aangepas is. Baie mense het die Christendom aangeneem en vind die beeldspraak as iets wat 'n beroep doen.
- Die taal en beeldspraak wat 'ng odsdiens gebruik, vertel ons iets van sy oorspronklike omgewing
- die meeste godsdienste glo dat God die heelal geskape het en voor die skepping was daar niks, behalwe God nie
- Sommige godsddienste glo dat hulle beter kan kommunikeer met die Skepper wanneer hulle op meer besoondere natuurlike omgewings is, soos by berge en riviere
- Indien die omgewing godsdiens beïnvloed, dan beïnvloed godsdiens ook die omgewing (10)

4.4
- In Judaïsme en sy sustergodsdienste, soos die Christendom en Islam rentmeesterskap, verwys na opsigterskap, kuratorsap en beskermheer
- Dit verwys ook na die neem van persoonlike verantwoordelikheid vir iets wat aan iemand anders behoort
- Volgens die Judaïsme, behoort die omgewing nie aan ons nie. Dit behoort aan God
- As mense sien ons daarna om namens God
- Die Christendom het die rentmeesterskap beginsel vanaf Judaïsme geëerf
- In Islam is die omgewingsbesorgdheid nie die grootste area van besorgdheid vandag nie (10)

4.5 4.5.1

- Mense werk om hulle lewensonderhoud te verdien
- Die meeste godsdienste moedig mense aan om te werk vir 'n verdienste, byvoorbeeld die Christendom
- Vrye tyd is vir ontspanning en genietinge
- Daardeur sosialiseer en speel jy ook
- Godsdienste moeding mense ook aan om te rus en te ontspan na werk, byvoorbeeld Judaïsme
- Sommige vryetydaktiwiteite kan as werk beskou word, byvoorbeeld sport en musiek (10)

4.5.2

- Godsdienste is in die algemeen teen alkohol en dwelms, maar met verskillende grade van strengheid
- Die Hindoes glo dat dobbellary baie ellende bring en skade aan jou goeie naam doen
- Die Boeddhiste glo dat dobbellary tot baie bose gevolge lei
- Vir die Moslems is die drink van alkohol en dobbellary 'n verfoeilikheid en vanaf die Satan
- Die Jode glo dat dobbellaars diewe is
- Dobbellary word sterk verbied deur Islam, Judaïsme en Boeddhisme
- Dwelms, alkohol en dobbellary vernietig lewens (10)

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou